



*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 4 Oktober 2026**

**Wees stil, en weet, en bid:**

**Nie die stryd of storm is die verskriklike uiteinde nie, maar die rus by God!**

*“Ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit ‘n boekrol gesien, aan die binnekant en die buitekant vol geskryf, en met sewe seëls goed verseël... Ek het gesien hoe die Lam een van die sewe seëls oopbreek. En ek het een van die vier lewende wesens soos die geluid van ‘n donderslag hoor sê: ‘Kom!’ Ek het gesien...”*

*En toe die Lam die sewende seël oopbreek, het daar vir ongeveer ‘n halfuur lank stilte in die hemel neergedaal... ‘n Ander engel het nader gekom met ‘n goue wierookbak, en by die altaar gaan staan. Baie reukwerk is aan hom gegee om, saam met die gebede van die heiliges, op die goue altaar voor die troon te offer. Die rook van die reukwerk het, saam met die gebede van die heiliges, uit die engel se hand voor God opgestyg.”*

*(Openbaring 6:1-2 en 8:1, 3-4)*

Sondag is die dag van rus; van tot stilstand kom, dalk effens eenkant en ‘n bietjie onttrek uit die besigwees van die weke; om tyd vir stilte te maak; vir ‘n dieper luister *“na wat die Gees aan die gemeentes sê”* (Open. 2:7, 11, 17, 29; 3:6, 13, 22). Elk van die sewe gemeentes wat die briewe ontvang het – sewe: die volle getal, almal – moes hoor dat Jesus wat tussen hulle staan, hulle deur en deur ken, hul omstandighede en uitdagings. Efese moes hoor hul liefde kortkom (2:4); Smirna, dat hul nie bang moes wees en bly volhard (2:10); Pergamum, dat hul op die suiwerheid van hul geloof moes let (2:14-16); Tiatira, dat hul die reinheid van hul lewens moes beskerm (2:20-22); Sardis, dat hul wakker moes wees, om met oop oë en ore te leef (3:2-3); Filadelfia, dat hul met meer moed en gehoorsaam aan hul roeping moes leef (3:8 en 10); en Laodicea, dat nederige selfondersoek in hierdie tye méér gepas is (3:16-18). Want, die oorgang van die eerste na die 2e eeu ná Christus was ‘n onstuimige tyd vól onrus in die Romeinse Ryk, en bestaansonsekerheid...

Oók die gryse Johannes moes “hoor wat die Gees sê” en aan hom wou wys, daardie Sondag – die “dag van die Here” – op die eiland Patmos; hy was immers self verdruk en verban (1:9); verskrik en bang (1:17); hy huil (5:4). Só-ook sy lesers: die geteisterdes, vervolgdtes wat uitroep, *“siele voor die altaar van God”* (6:9). Wanneer die boekrol in die regterhand van God deur die Lam oopgemaak word, word dit duidelik hoe die geskiedenis van die mensdom en hierdie bestel meer en meer in vals nuus, bloedvergieting, honger en ellende verval (6:1-17), en hoe dit ook die Kerk sou raak. Maar óók: Dat ánderkant dit alles – néé, reeds te midde van – daar ‘n ruimte van ongelooflike stilte is, diep troos en vrede; die gebede van gelowiges (8:1 en 4). Wie dít weet, weet ook hoe ons deur dit sal kom, en waar dit sal eindig: by Gód.

**JL.**

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, Tannie Magdaleen Venter. Welkom ook aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op Facebook en op Berg-en-Dal se You Tube-kanaal by die erediens inskakel. Hierna volg die liturgie vir die diens en indien jy ‘n Liedboek of Bybel benodig, daar is by die ingangseure beskikbaar – neem gerus een en deel in ons liturgie. ‘n Geseënde Sondag verder toegebid.

## LITURGIE

### **Verwelkoming**

**Aansteeek van wydingskers, en oomblik vir bewuswording en stilgebed**

**Wydingslied:** "Heilig, heilig, heilig" (Lied 169:1, 2 en 3)

**Votum en Seëngroet** (uit Openbaring 1:4-8 en 5:13)

**Loflied:** "Die Here is my herder" (Psalm 23:1, 2 en 3)  
(2e beryming: Lina Spies)

**Herinnering aan die Liefdesgebed:** (uit Romeine 12:9-21)

**Verootmoediging:** "God is liefdel! juig ons harte" (Lied 334:1 en 2)

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Danklied:** "Deur sy Gees, die Wondergawe" (Lied 334:3 en 4)

**Gebed en gebedslied:** "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278)

**Skriflesing:**  
Openbaring 1:9-11  
Openbaring 4:1-2 en 5:1-2, 6-7, 14  
Openbaring 6:1-17  
Openbaring 7:1, 9-10 en 8:1-4

### **Woordbediening**

**Moment vir stilgebed, en gesamentlike voorbidding, toewyding en dank**

**Gebedslied:** "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278)

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Om ons bly die Skepping sug" (Lied 593:1, 2 en 3)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

### **Ander Eredienste:**

|                   |                                                                                                                                                                                      |
|-------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Donderdag, 8 Okt. | 11:00 – Biduur by Siësta: Ds. Johan Marais.                                                                                                                                          |
| Sondag, 11 Okt.   | 09:30 – Ds. Jan Lubbe (gesamentlike erediens en matrieks).<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Janke Hurter (Jeugbyeenkoms).                              |
| Sondag, 18 Okt.   | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens in saal – ds. Janke Hurter.<br>15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens).<br>18:00 – Ds. Jan Lubbe: Diens van Woord, stilte en gebed (Taizé) |

Ons Kategese hervat volgende Sondag, 11 Oktober, vir die 4e kwartaal. Welkom terug!

### MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

- 04 Okt. Johann Swiegers en Cobus van Rensburg.
- 05 Okt. Germanie Adendorf, Elsa Joubert, Ilzé Maree, Riana Schutte, Annatjie Wolmarans
- 06 Okt. Elsabé Maartens, Deline Murray en Carien Weyers.
- 07 Okt. Erna Hattingh.
- 08 Okt. Annatjie Coetzer, Jolandé Fourie en Elsa Top.
- 09 Okt. Miané Bekker.
- 10 Okt. Leané Claassens en Henk de Waal.

Ons gebede is verder vir almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (LadySmithstr. 16, wyk 5); Oom Lieb Swiegers (Santé 107, wyk 18b); Jan Davel (Santé 68, wyk 18b) en Nadiha Visser (Genl. Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink ook aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, in besonder Abie en Leona Geldenhuys, ná die groot operasie van hul seun PG.

### Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe. Kontak ds Johan Marais (084 517 8052) wat ons pastorale werk koördineer, of maak 'n afspraak met een van ons leraars vir 'n tuisbesoek of 'n gesprek hier by die kerk.

### BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

In die vierde kwartaal – die laaste sewe weke – gaan al ons Bybelstudiegroepe 'n kort reeks uit die Lukas Evangelie doen: **“Nuutgemaak! Kyk met nuwe oë na Jesus en die wêreld.”** Die boekie vir hierdie reeks is by die Kerkkantoor te koop @ R 100.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep: 19:00 in die Konsistorie – ds. Jan Lubbe (082 784 9362).

Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep: 19:00 vir jongmense – ds. Janke Hurter (w/a jou naam na 078 894 9166 indien jy wil inskakel).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep: 09:00 in Konsistorie – ds. Johan Marais (084 517 8052)

### KERKRAADSAKE

**Verlof:** Ds. Janke Hurter – 5-11 Oktober 2026  
Ds. Jan Lubbe – 15-18 Oktober 2026 (afnaweek)

### Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:

Baie dankie aan Wyk 1 en vrywilligers wat in die vakansietyd aan diens was vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. In Oktober kom **Wyke 2, 3 en 4** (noordelike- en westelike hange van Grant's Hill, agter die kerk om) aan die beurt. Indien jy ook wil help kontak die Kerkkantoor (073 180 3193)..

## BEDIENINGE

Ons laaste rondte bedieningsvergaderings vir 2026, begin hierdie week – kom help die jaar se laaste werk klaarmaak, terugkyk en beplan vir 2027...

|                                      |                                |
|--------------------------------------|--------------------------------|
| <b>Erediensbediening:</b>            | Donderdag, 8 Oktober om 17:30  |
| <b>Gemeentebediening:</b>            | Maandag, 12 Oktober om 17:30   |
| <b>Jeugbediening:</b>                | Dinsdag, 13 Oktober om 17:30   |
| <b>Getuienis- en Barmhartigheid:</b> | Donderdag, 15 Oktober om 17:30 |

### EREDIENSBEDIENING

#### **Hervormingsondag, 25 Oktober: Fees van Gemeentesang uit die Liedboek!**

Sondagaand, 25 Oktober 2026, gaan ons saam met die Geref Kerk Bloemfontein-Noord en ander belangstellendes uit die stad, die eerste Afrikaanse Psalmberyming (1936 – 90 jaar gelede) en die Liedboek 2001 (25 jaar gelede) vier, gepas, met wonderlike musiek en samesang. Ons nooi almal solank daarheen uit.

### GEMEENTEBEDIENING

#### **Seniorbediening:**

Ons eerste byeenkoms vir die 3e kwartaal, is op Woensdag, 21 Oktober 2026 om 09:30 – let asb. op die datumverskuiwing. Meer besonderhede volg...

#### **Nuus uit ons Boekwinkel:**

Die jongste uitgawe van *Kerkbode* is agter op die tafel in die kerk beskikbaar; neem, lees en gesels saam.

Dan, vir 'n wonderlike Kersgeskenk: *Uit die Beek*-dagboek vir 2027 geskryf deur Stephan Joubert is reeds in die Boekwinkel te koop @ R 220 (spesiale aanbod solank voorraad hou!).

### JEUGBEDIENING

**Belydenisgroep:** Katkisanse neem kennis van die Afrondingsnaweek, 16-17 Oktober en die belydenisdienste en Nagmaal, 24 en 25 Oktober 2026. Kom ons bid vir hierdie jongmense!

### GETUIENISBEDIENING (Woord én brood!)

#### **Gebedsbyeenkoms oor Haweloosheid:**

Hierdie Vrydag, 9 Oktober 2026 om 14:00, vind daar 'n kort gebedsbyeenkoms oor haweloosheid in ons stad by Tweekoringkerk plaas – almal is welkom daarby!

#### **Berg-en-Dal Noodleniging:**

Het jy geweet dat wanneer jy by **Pick & Pay Preller** koop, jy jou strokie by die kassie by die uitgang kan ingooi – kyk uit vir ons nuwe logo daar! – en ons kry dan 'n % daarvan vir Berg-en-Dal se barmhartighheidsfondse terug (nes dié van die Gemeentemark). Jy maak 'n verskil!

### EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir daardie Sondag – vanoggend, 4 Oktober: **Vennootskappe: Lesotho**. U kan 'n dankoffer via eft of SnapScan na Berg-en-Dal oorbetal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

